TURKYE

saam met

Marina van der Linde

Vertrek: Donderdag, 24 April 2025

Istanbul

Onderdak Basaar

Kappadosië



Uçhisar-kasteel

Kaymakli

BUITELYNE VAN DIE REISPLAN

(O)-Ontbyt **(M)-**Middagete **(A)-**Aandete **(*)-**Ete aan boord van die vliegtuig

Dag 1: Donderdag 24 April	**JOHANNESBURG – DOHA – ISTANBUL** Ontmoet vanaf 09:30 by die vyfster Qatar lugredery inboek-toonbank op Johannesburg se O.R.Tambo Internasionale lughawe. Vertrek om 13:35 om teen 22:55 in Doha te arriveer. Sluit aan by die vlug wat net na middernag om 01:55 na Istanbul vertrek. Oornag aan **BOORD (*)**
Dag 2: Vrydag 25 April	**ISTANBUL** Arriveer om 06:10 in Istanbul, ‘n unieke stad wat aan beide kante van die Bosphorus see geleë is. Hierdie waterkanaal skei Asië en Europa van mekaar. Sien die indrukwekkende **Blou Moskee** (kenmerkende Istanbul-landmerk in die 17de eeu gebou) met sy blou Iznik teels wat die binnekant versier, 'n Ottomaans-era historiese keiserlike moskee. Besigtig die **ondergrondse waternetwerk** (gedurende oorlogstye gebruik) wat uit die sesde eeu dateer. Water is hier gestoor en die dak van die 70- by 140meter-lange koepel rus op 360 Korintiese pilare. Bring dan besoek aan die die gewilde **onderdak basaar** (een van die grootste en oudste onderdakmarkte ter wêreld, met 61 bedekte strate en meer as 4000 winkels) waar aandenkings teen winskopiepryse aangeskaf kan word. Inboektyd by ons hotel waarna ons die res van die dag tot ons beskikking het om te ontspan. Aandete en oornag in **ISTANBUL (*)(A)**
Dag 3: Saterdag 26 April	**ISTANBUL – KAPPADOSIË** Ontbyt-pakkies word deur die hotel beskikbaar gemaak. Vroegoggend oorplasing na die lughawe vir die vlug wat om 08:35 vertrek om teen 10:05 op **Kayseri Erkilet** (lughawe sowat 76km Oos van Kappadosië geleë) neer te stryk. Ons bus en toergids staan gereed om te vertrek vir ons besigtigingstoer van **Kappadosië**. Besoek die **Devrent vallei** (geologiese wonder van pienk natuurlike rotsformasies), **Paşabağ Monniksvallei** (maan-tipe landskap gekenmerk deur toring feetjie skoorstene), **Goreme vallei** (omring deur honderde feëskoorstene en ander historiese landmerke), **Zelve** (vallei met vyftien Bisantynse-era grotkerke, vandag ‘n opelugmuseum). **Uçhisar-kasteel** ('n sestig meter-hoë rotsformasie wat die beste panoramiese uitsigte oor Kappadosië bied). Aandete en oornag on **KAPPADOSIË (*)(A)**
Dag 4: Sondag 27 April	**KAPPADOSIË** Daar is vroegoggend opsionele geleentheid om vanuit ‘n warm lugballon die omgewing rondom Kappadosië te besigtig. U kan ook kies om ‘n opsionele foto-toer te onderneem om ongelooflike foto’s van die lugbalonne te neem. Ontbyt word in ons hotel bedien. Ons toergids staan gereed vir ons besigtigingstoer van die **Rooi Vallei** (rotsformasies wat

Psidiese Antiogië

Laodicéa

Hierapolis

Pamukkale

Efese

Smirna

Pérgamus

Dervish vertoning

	met hul optiese illusies fassineer), **Gulludere-vallei** (rotskleure verander na gelang van die effek van die sonlig; vallei gekenmerk deur verskeie kerke, kloosters en skuilings), **Cavusin** ('n ou nedersetting wat vanuit die Romeinse Ryk dateer; beste uitkykpunt oor die feetjie-skoorstene van die Paşabağ-vallei). **Pigeon Valley** (geniet asemrowende uitsigte oor die vallei van die duiwe), **Kaymakli** (antieke ondergrondse stad waar Christene teen die Romeise ryk geskuil het). Aandete en oornag on **KAPPADOSIË (*)(A)**
Dag 5: Maandag 28 April	**KAPPADOSIË – KONYA – PSIDIESE ANTIOGIË – ISPARTA** Vertrek vanoggend oor **Aksaray** (stad in die sentrale Anatolia streek) na **Konya** (universiteitstad met pragtige parke en bedrywige sentrale plein). Reis verder vir 'n besoek aan **Antiogië in Psidië** (Paulus en Barnabas reis vanaf Pafos daarheen (Hand 13:13-14), Paulus lewer drie boodskappe (Hand 13:14-33) in die sinagoge). Reis dan verder na **Isparta** (ook bekend as die "Stad van Rose" net Wes van die Taurus gebergte geleë). Aandete en oornag in **ISPARTA (O)(A)**
Dag 6: Dinsdag 29 April	**LAODISEA – HIERAPOLIS – PAMUKKALE** Volg vandag die roete na **Laodisea** (een van die Sewe gemeentes van Klein Asië) wat in die jaar 260 v.C. sy ontstaan gehad het. Dit was eens die hoofstad van Firigië waar 'n groot aantal Jode gewoon het. Die ernstigste van al die waarskuwings is aan hierdie kerk gerig omdat hulle lou was en die Here hulle "uit Sy mond spoeg". Besoek **Hierapolis** (waar Filippus gemartel is). Besigtig een van die grootste en mees uiteenlopende Nekropolisse ter wêreld, tempel van Apolo, die teater en Roomse baddens. Dit is hier waar Filippus 'n marteldood gesterf het. Ons bestemming is die warmwaterbronne van **Pamukkale** (met sy travertyne en terasse van kalksteen minerale wat deur die vloeiende water agtergelaat word). Aandete en oornag in **PAMUKKALE (O)(A)**
Dag 7: Woensdag 30 April	**EFESE – IZMIR** Vertrek na **Éfese** (een van die sewe gemeentes) waar ons die antieke geboue wat uit Griekse, Romeinse en Bizantynse periodes dateer besigtig. Uitgrawings word steeds hier gedoen en daar word voortdurend nuwe ontdekkings gemaak. Paulus het hierdie stad op sy tweede en derde sendingreise besoek (Hand. 18:19-21). Sien die Basilika van Johannes waar hy volgens oorlewering begrawe is, en die antieke stad met die Agora, die tempel van Hadrian (dissipels van Johannes kom op worderbaarlike wyse hier tot bekering (Hand. 19:1-7). Besoek die antieke teater waar Paulus vir die Efesiërs gepreek het. Sien die marmerstraat en die **tempel van Artemis** (een van die sewe wonders van die Ou wêreld). Besoek die **huis van Maria** (volgens argeologiese oorlewering, die tuiste van Maria). Ons bestemming is **Izmir** (stad op die Egeïïese kus) waar Alexander die Grote 'n kerk op die Pagos-berg gebou het wat bokant die stad uittroon. Aandete en oornag in **IZMIR (O)(A)**
Dag 8: Donderdag 01 Mei	**PÉRGAMUS – BURSA – ISTANBUL** Bring vanoggend besoek aan eertydse **Smirna** (een van die sewe gemeentes) waar die bouvalle van die "markplein" of agora oopgegrawe is tesame met ander interessante oorblyfsels van daardie tyd. Vertrek dan na **Pérgamus** (een van die Sewe Gemeentes) en eertydse hoofstad van 'n groot pre-Romeinse koninkryk. Die groot altaar van Zeus wat later na Duitsland verwyder is, het op die heuwel bokant die stad gestaan. Verdere opgrawings het biblioteke, paleise en tempels blootgelê. Die skuinsste teater ter wêreld wat sowat 15 000 mense kon akkommodeer, is hier gevind. Die Asklepios tempel is hier naby geleë. Reis verder oor **Bursa** (groot stad wat vanuit die Ottoman periode dateer), bekend is vir sy parke en tuine wat deur groen woude omring word, aan die voet van die 2500 meter-hoë Uludağ geberte naby die see van Marmara geleë. Ons bestemming is Istanbul waar ons betyds vir aandete by die hotel arriveer. Sluit ons dag af wanneer ons deel word van 'n indrukwekkende Turkse "Dervish" kulturele dansvertoning. Oornag in **ISTANBUL (O)(A)**

St Sophia Kerk

Qatar Airways

Dag 9: Vrydag 2 Mei	**ISTANBUL – DOHA** Vrye tyd om vanoggend Istanbul op eie stoom te geniet. Uitboektyd is om 11:00 waarna ons een van die hoogtepunte op die toer onderneem… 'n besoek aan **Hagia Sophia** (die vierde grootste eertydse kerk ter wêreld). Oorplasing na die lughawe vir die Qatar vlug wat om 20:05 vertrek om net na middernag teen 00:15 in Doha te arriveer. Sluit by die 02:20 vlug na Johannesburg aan. Oornag aan **BOORD (O)(*)**
Dag 10: Saterdag 3 Mei	**JOHANNESBURG** Ontbyt word aan boord bedien. Stryk om 09:50 op Johannesburg se O.R.Tambo Internasionale lughawe neer, ryk aan ervaring en verryk in die gees. Eendag maak ons weer so! **(*)**

TOERPRYS: R39,980 per persoon

Tariewe soos volg bereken: **Spesiale groep-lugreisgeld:** R10,380 / **Landreëlings:** €1,480 / R29,600

Tariewe word deur die diensleweraars gedek tot op R20,00 teenoor die Euro en toerkoste sal aangepas word indien die Rand sou verswak. Weens die beperkte aantal plekke beskikbaar vir hierdie toer, word u inskrywing en deposito so gou as moontlik benodig om u sitplek te verseker.
Alle tariewe onderhewig aan beskikbaarheid en herbevestiging tydens bespreking

BESPREKINGS: Voltooi asseblief die meegaande regsitrasievorm en betaal u deposito van **R10,000** per persoon plus reisversekering van **R1,230** vir onder 70-jariges. E-pos (tafelberg@stargateint.co.za) of Whatsapp die registrasievorm (082 478-0895) tesame met u inbetalingstrokie (deposito plus reisversekering R11,230) na die Stargate International kantoor. Reisversekering moet saam met u deposito betaal word indien u die volle reisdekking wat die TIC polis bied, wil verkry. Bankbesonderhede reflekteer onderaan die registrasievorm. Gebruik asb u **VAN** gevolg deur die kode **24AprMvL** as verwysing met inbetaling.
Die balans van die toerprys is sowat 12 weke voor vertrek betaalbaar, en die wisselkoers van die dag sal op die Randwaarde van ons toerprys van toepassing wees. Maak asseblief seker dat u fondse dan beskikbaar is aangesien balansbetaling is weens die wisselvalligheid van die Rand, sowat 72-uur na fakturering betaalbaar is. Weens die beperkte aantal sitplekke beskikbaar vir hierdie toer, word u inskrywing en deposito so gou as moontlik benodig om u sitplek te verseker.
*Toerprys is gebaseer op 'n minimum van **32 passasiers** wat saamreis.*

Nota: Indien u nie van die groepsvlugte gebruik maak nie, sal 'n R1,500 heffing van toepassing wees vir die ongebruikte groepsbespreking by die lugredery.

INGESLUIT:
- Ekonomiese retoervlugte insluitend inboek-bagasie, lughawebelasting en brandstofheffing
- Lughawe hotel retoer oorplasings soos per program
- Ontbyt en aandetes soos per program
- Vierster akkommodasie
- Engelssprekende toergidse en luukse toerbusse
- Besigtigingstoere en ingangsfooie soos per program

UITGESLUIT:
- Opsionele enkelkamerverblyf supplement op aanvraag beskikbaar €380 / R7,600
- Opsionele reisversekering vanaf R1,230 vir onder 70-jariges R2,930 vir onder 80's. Senior polis op aanvraag beskikbaar
- Turkse gratis aanlyn visum
- Fooitjies aan toergidse, busbestuurders, portiere, hotelpersoneel US$8 per dag x 8 dae (R1,280)

Reisplan en hotelle is onderhewig aan verandering na gelang van tydskedules en veiligheidsituasies

StarGate international
International Group Tour Operators

Vir nadere besonderhede, kontak
Marina van der Linde
marina@ooskerk.com
Tel: 012 344 1950
Whatsapp: 084 800-8931